

# 'n Boesmanlander se droogte storie

Deur Madeleen Visser

God is goed. God is altyd goed. Maak nie saak wat gebeur of wat die omstandigheid of tye is nie, sy karakter is vas. Wat 'n troos! Wat 'n sekerheid! Wat 'n kosbare, kosbare les wat droogte ons geleer het.

In die afloop van 2005 lui Johnnie se huweliksaansoek soos volg aan my: "*Liefie dis droogte, ek weet nie hoe lank dit gaan aanhou nie, maar ... sal jy met my trou?*" En so begin ons sprokie - Johnnie wat droogte en die gevolge daarvan ken en vrees, en ek wat dink dat die Boesmanland net geloof kort.

Paasoggend 2006 breek die hemele oop. My liewe man is eers stil. Ek, teleurgesteld dat hy nie so rasend opgewonde is soos ek nie, en selfvoldaan, want die Boesmanland het toe *net geloof gekort!* Teen die aand heers 'n feeslike atmosfeer in ons huis en ons wonder of ons gaste die volgende dag sal kan terug ry.

In die volgende maande leer en sien ek hoe gretig die Boesmanland op reën reageer. Die slaaie staan volop, dik geswel en die bye is besig. Ons dink selfs aan 'n heuningonderneming.

## **Reëngoggatjie**

Met die geboorte van ons dogtertjie aan die einde van 2007 laat weet ons opgewonde bure dat dit 'n bietjie

gereën het en noem haar *Reëngoggatjie*. Die hoop vlam weer hoog nadat die reën weer lank weggebly het.

Dit raak die patroon van ons lewe: die dophou van weervoorspellings en weer en die onuitspreeklike teleurstellings as daar niks van kom nie, die gee van voer, die vra vir reën, die opvlam van hoop as dit wel reën. Dan is daar die eindelose uitmergelende gesprekke oor die droogte, die sin en rede daarvan, die gesig van 'n verslae man wat uit die veld kom ... bemoedigende woorde wat hol klink in jou eie ore; later net stiltes, trane by die wasgoeddraad terwyl 'n honger mamma vir jou blêr. Twyfel, ongeloof en verwyf wat kort-kort dreig om in jou hart in te sluip.

Het ons sprokie in 'n tragedie verander? Dis juis die ding! God skryf nie sprokies nie, maar lewensreise, want ons is oppad. En Hy skryf dit nie, *Hy loop dit saam met ons*, net soos Hy saam met die Israeliete deur die woestyn getrek het - 'n tydperk waar *Hý hulle bron en uitkoms was* en *nie reën nie*.

So ook ons sin.

Nooit ooit in hierdie tyd het ek gevoel dat ek iets inboet nie. Maar ek was wel baie dae verstom oor sy versorging, en nou in retrospeksie nog meer. Ek glo nie net Hy voorsien nie, maar ek WEET, want ons het dit ervaar. Hoeveel kere in dié tyd het Johnnie uit 'n verdorde veld gekom en gesê ons gaan binnekort nie meer lammers hê om te bemark nie, en dan is daar maar weer.

## Bonatuurlike voorsiening

Met krisistye, soos met siekte of dood van 'n familielid, was daar onverklaarbaar tog geld om diesel mee in te gooi. Klere vir ons gesin moes ek selde koop. Sy wonderbare voorsiening en versorging het nadat ons weg is uit die Boesmanland vir ons nog duideliker geraak. Ink vir die drukker waarmee ons ons kinders se hope skoolwerk uitgedruk het, het 'n jaar gehou, nou koop ek maandeliks en druk minder. Skielik kon ek nie met dieselfde hoeveelheid geld as voorheen kruideniersware koop nie! En so hou my manna-lysie aan en aan en aan.

Ons het geleer dat *dit waarop jy fokus, jou oorweldig*. Dit waaroor jy praat en dink, is wat jou lewensgehalte bepaal. Praat en dink ons baie oor die droogte en die onsekere toekoms, is ons gou teneergedruk en *verdwyn die lag* uit ons huis. Praat en dink ons oor God se voorsiening en sy goedheid, is ons vol hoop en *kom die lag maklik*. Die droogte en sy gevolge is tog 'n feit. Dit is so. Máár, so ook God se goedheid en versorging. En ek het 'n keuse op watter een ek gaan fokus.

## Oorweldigende vrees

Ons het geleer dat *vrees* vir die droogte en wat dit bring, erger is as die droogte self. Ek wil dit graag verduidelik aan die hand van 'n droom wat ek gehad het. Ek droom dat my pa gaan sterf; ek beleef die vrees daarvoor en skrik angstig en natgesweet wakker. Stadig sypel die waarheid deur ... my pa is klaar dood. Dit is nie 'n lekker gedagte nie, maar die vrees van wat *miskien* mag gebeur

was veel, veel erger as die werklikheid daarvan dat my pa reeds dood was.

Vrees het *vreugdetyd by ons gesin gesteel*. Dit het ons *verlam*. Dit het kwaliteit tyd saam met ons kinders gesteel. Vrees is ongehoorsaamheid aan God, want dit begin by bekommernis. *"Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het."* Mattheüs 6:25-34

Ons het geleer dat bekommernis oor môre nie *verantwoordelikheid* is nie, dit is *ongehoorsaamheid*. Ons sit daarmee 'n las op onself wat God nie vir ons bedoel het nie.

## **Geloof getoets**

Ek het geleer dat geloof wat nie getoets is nie, nie geloof is nie. Dis maklik om in goeie tye te glo. Dit is nie geloof nie. *"Geloof is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."* Hebreërs 11:1 As mens Hebreërs 11 lees, ontdek jy dat dit wat baie mense geglo het, nooit in hulle leeftyd vervul is nie, maar dat ons eeue later weet dat hulle geloof water gedra het. Geloof is veel dieper en intiemer as die blote hoop en vertrou vir reën.

Ons het geleer dat God waarlik goed is.

Ek het 'n vriendin gehad wat altyd by my gekom en vir my gesê het: *"God is goed."* In my diep binneste het ek ontdek dat ek oor die waarheid daarvan twyfel. Dit reën

dan nie. Ek het ook ontdek dat God se seën vir ons boere gelyk is aan reën. As dit reën, seën God ons; as dit nie reën nie, dan seën God ons nie. Dan is Hy nie vir ons goed nie. Dit het droogte gekos om my te leer dat reën maar net één van God se maniere is om ons te seën. As dit nie vir die droogte was nie, het ek nooit die voorreg gehad om sy ander seëninge te beleef en sy onbepaalde goedheid raak te sien nie. Wat 'n droogte en armoede sou dit nie vir my siel ingehou het nie!

### **Droogte het my ontbloot**

Ek het geleer dat ek nie waarlik na God smag nie. Dit het droogte gekos om iets van Dawid se uitroep te verstaan. *"Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God!" Psalm 42:2* Ek het ontdek dat my verlanse na God nie dieselfde intensiteit het as na reën nie. Ek het ontdek dat ek koorsagtiger pleit vir reën as vir sy koninkryk en werk.

*Droogte het my ontbloot.* En dit is goed.

God het ons gebring na 'n deel wat nie droogte ken nie. Die *"nimmereindige droogte"* woed nog steeds voort en raak al intenser in die Boesmanland en omliggende gebiede. Maar dit kring ook al wyer en wyer uit, na gebiede wat nie weet hoe 'n voerbak lyk nie. So staan dit ook weer voor ons deur. Ons sien hoe mense om ons begin planne maak en vrees. Hulle praat en bemoedig mekaar dat die reën naby is, maar ons sien die onsekerheid in hulle oë. Ons het stom geraak oor die onderwerp van reën. Ons hou steeds asem op as dit begin reën, bang dis verby voor dit begin het, soos ons *droogte-reën* leer ken het. Ek dink soms as hulle na ons

kyk, raak hulle vrees meer. Droogte het ons laat trek. Wat 'n vreesaanjaende gedagte!

## **Ek weet nie hoe nie!**

Dierbare gelowige vriende moes toekyk hoe hulle seuntjie sterf. 'n Paar maande later sê-vra ek vir die mamma: "*Ek weet nie hoe staan 'n ouer 'n kind aan die dood af nie?*" En sy prewel met trane wat oor haar wange stroom. "*Ek weet ook nie.*" Hoe gaan mens deur 'n droogte? Hoe bemoedig jy in 'n droogte? "*Ek weet ook nie.*"

Mag ek, Henry, ook hier bylas uit ons ervaring ... Hoe bemoedig jy vir iemand wat in sy huis aangerand is, sy familielid gruwelik vermoor is. "*Ek weet nie*"

Hoe maak jy net jou plaas huis se deure toe en stap uit jou pragtige plaashuis uit, jou pragtige meubels, kos in die yskas, klere wat nog in die kas hang, jou goed geteelde beeste, jou trekker en trok, jou lewensbestaan en vlug oornag net met 'n tassie klere elk, landuit? "*Ek weet ook nie*".

Weer Madeleen:

## **Kosbare getuienis**

Ek voel stommer en dommer oor droogte as ooit te vore.

Maar ...

Oor tye heen het God *in ons harte baie getuienisse geskryf* oor sy goedheid, liefde, guns en versorging. En ek weet hierdie is nie 'n sprokie nie, maar 'n *lewensreis*

langs onherbergsame paaie en deur woestyne na die ewigheid - nie alleen nie, maar saam met God. Nie langs my nie, maar *binne-in my. So naby.*

Ons gesin het sý seëninge, sý goedheid en sý trou *persoonlik leer ken.* Mag dit ons by bly, ons versterk en moed gee in hierdie onsekere en donker tye.